

17

DIE DOOP Ek is God se kind

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die doop die teken is dat hulle God se kinders is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die doop is die teken dat hulle aan God behoort.
- die doopwater is 'n simbool van Jesus se bloed.
- Jesus het hulle met sy bloed gekoop.
- die doop verseker hulle van God se liefde.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hulle aan die Here behoort.

Vaardigheid

Die kinders moet vir iemand gaan vertel hoekom hulle bly is oor hul doop.

MEER INLIGTING (Matteus 28: 16-20; Handeling 2: 37-42; Galasiërs 5: 13-26)

In ons Kerk word babas met water gedoop. Die water van die doop het 'n spesiale betekenis. Dit is 'n simbool of 'n teken om jou aan iets anders as water te laat dink. Soos wat ons water gebruik om ons liggame skoon te was, so laat die water ons dink aan Jesus se bloed waarmee Hy ons sonde afgewas het.

Wanneer die dominee 'n baba doop, sê hy: *Ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.* Wat beteken dit? Met die doop in die Vader se Naam verseker God die Vader ons dat ons altyd sy kinders sal wees. Hy sal vir ons sorg soos 'n volmaakte pa vir sy

kinders sal sorg. Met die doop in die Seun se Naam verseker Jesus ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas. Met die doop in die Heilige Gees se Naam verseker die Heilige Gees ons dat Hy in ons wil bly en ons elke dag sal troos en beskerm.

Wanneer ons ouer word, herinner die doop ons daaraan dat God ons verlos het van die sonde en die dood en dat ons aan Hom behoort. Selfs al doen ons nog sonde, moet ons weet dat God ons steeds vergewe as ons jammer oor ons sonde is. Hy wil ons help om dit nie weer te doen nie. In wat ons dink, sê en doen, moet ander kan sien dat ons aan die Here behoort. Hy het nuwe mense van ons gemaak, en nou moet ons elke dag soos nuwe mense leef. Die ou lewe waarin ons gelewe het soos die Satan en die sonde ons laat lewe het, is verby. Wanneer ons groter word, gaan ons maak soos Jesus ons leer: Ons gaan God dien en prys. Ons gaan Hom liefhê bo alles en almal. Ons gaan ons naaste liefhê en hul belange op die hart dra.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Foto's van die kinders of 'n prent van 'n doop.
- Die kinders se lidmaatboekies.
- 'n Potlood.
- Gom.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle die vyf waarhede oor ons verlossing puntsgewys kan weergee. Help hulle indien nodig.
 - By ringvinger = God is liefde
 - By wysvinger = Ons is skuldig
 - By middelvinger = Jesus is Verlosser
 - By duim = Ek glo
 - By pinkie = Ek vertel
- Kontroleer of hulle die volgende ken:
 - Hoekom moet ons met die dood gestraf word? (*Omdat ons sondes so baie is.*)
 - Watter ander plan het God gemaak eerder as om ons te straf? (*God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.*)
 - Is Jesus nou dood vir altyd? (*Nee, Hy het uit die dood uit opgestaan.*)
 - Wat moet ons nou uit dankbaarheid doen? (*Uit dankbaarheid moet ons vir ander mense vertel dat Jesus hulle ook verlos het.*)
 - Voltooi die teks: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy..... (sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.* (Johannes 3: 16)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Kan julle nog uit Les 11 onthou dat ons twee sakramente of tekens in ons Kerk het? Ons het reeds daar van die Nagmaal geleer. Vandag leer ons van die ander sakrament of teken, naamlik die doop.

As ons gedoop word, is dit 'n teken of bewys dat ons deel is van God se familie. Die doop is die teken dat ons aan God behoort en dat Hy vir ons baie lief is. Kom ons gesels nou oor die doop.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en behandel die doop met die kinders.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- In ons Kerk word babas met water gedoop.
- Die water is 'n teken om jou te herinner aan Jesus se bloed wat jou sonde afgewas het.
- Ons is gedoop *...in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*.
- *In die Vader se Naam* beteken God die Vader verseker ons dat Hy vir ons sal sorg.
- *In die Seun se Naam* beteken Jesus het met sy bloed al ons sondes afgewas.
- *In die Heilige Gees se Naam* beteken die Heilige Gees sal ons troos en beskerm.
- Al doen ons nog sonde, moet ons weet dat God ons steeds vergewe as ons jammer oor ons sonde is.
- Ons gaan elke dag –
 - God dien en prys.
 - Hom liefhê bo alles en almal.
 - ons naaste liefhê en hul belange op die hart dra.
- Ons is dankbaar oor ons doop omdat –
 - ons sonde vergewe is.
 - ons 'n Vader het wat vir ons sorg.
 - die Heilige Gees ons gaan help as ons iets nodig het.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders die foto van hul doop of die prent van 'n doopgeleentheid in hul boeke plak. (Indien daar geen foto's of prente is nie, kan die doop geteken word.)
- Laat hulle die volgende sin voltooi:
Ek is (*naam*) en ek behoort aan die (*Here*).
- Wys vir die kinders in die lidmaatboekies die inligting oor elkeen se doop.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle vir hul oupa of ouma of iemand anders vertel dat hulle bly is oor hulle doop omdat –

- hul sondes vergewe is.

- hulle 'n Vader het wat vir hulle sorg.
- die Heilige Gees hulle gaan help as hulle hartseer, siek of bang is.

Leer

Laat hulle ouers hulle help om hierdie feite te probeer onthou:

- Ek is gedoop *...in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*
- *In die Vader se Naam* beteken God die Vader gaan vir my sorg.
- *In die Seun se Naam* beteken Jesus het al my sondes afgewas.
- *In die Heilige Gees se Naam* beteken die Heilige Gees sal my troos en beskerm.
- Ek gaan God elke dag dien en prys omdat Hy my laat doop het.

Belangrik:

Laat hulle ouers gaan vra om hulle te help om die vrae en antwoorde by Les 18 te leer vir die vasvrakompetisie. Die wenspan sal 'n prys ontvang.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Vir volgende week:

Berei voor vir 'n vasvrakompetisie tussen twee spanne. Vra die vrae om die beurt – die een span kry dus al die vrae wat nie donker gedruk is nie, en die ander span kry al die donkergedrukte vrae. Elke korrekte antwoord tel een punt behalwe vraag 3 en vraag 10 wat elk drie punte tel. As 'n span nie 'n antwoord ken nie of verkeerd antwoord, kan die ander span vir een punt die regte antwoord gee.

VRAEBANK

1. Hoekom sê ons God het ons wonderlik geskape? (*Ons kan ruik, sien, proe, hoor, voel en nog baie meer.*)
2. **Hoe moet ons die wonderlike skepping hanteer? (Ons moet die skepping oppas.)**
3. Noem drie dinge wat ons moet doen om ons liggame op te pas.
 - a. *Ons moet gesonde kos eet.*
 - b. *Ons moet ons liggame skoon hou.*
 - c. *Ons moet gereeld tande borsel.*
 - d. *Ons moet ons hande en hare gereeld was.*
 - e. *Ons moet gereeld oefen.*
4. **Ons moet onthou ons liggame is van God. (die tempel)**
5. Wie wil ons help as ons probleme het en swaarkry? (*Jesus.*)
6. **Wat het 'n verlamde man se vriende gedoen toe hulle hul vriend nie naby Jesus kon kry nie? (Hulle het 'n gat in die huis se dak gemaak om die man by Jesus te kry.)**
7. Wat het Jesus vir hom gesê? (*Vriend, jou sondes is vergewe... Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.*)
8. **Wat wys of ons God en mekaar liefhet? (Wat ons sê en wat ons doen.)**
9. *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle (ook aan hulle doen.) (Matteus 7: 12)*

- 10. Noem drie goed wat ons moet doen om goed vir ander te wees? (Ons moet –**
- a. vriendelik wees.**
 - b. luister en probeer verstaan.**
 - c. altyd dankie sê.**
 - d. komplimente vir mense gee.**
 - e. help as iemand in die moeilikheid is.)**
11. Wat moet met ons gebeur omdat ons sondes so baie is? (*Ons moet met die dood gestraf word.*)
- 12. Watter ander plan het God vir ons gemaak? (God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.)**
13. Na hoeveel dae het Jesus weer uit die dood opgestaan? (*Na drie dae.*)
- 14. Hoekom moet ons vir ander mense ook vertel dat Jesus hulle van die sonde verlos het? (Omdat ons dankbaar is vir ons eie verlossing.)**
15. *God het die wêreld so liefgehad dat... (Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.) (Johannes 3: 16)*
- 16. Ons is gedoop in die Naam van die (Vader en die Seun en die Heilige Gees.)**
17. *In die Vader se Naam beteken (God die Vader gaan vir ons sorg.)*
- 18. In die Seun se Naam beteken ... (Jesus het al ons sondes afgewas.)**